

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 200
(Oktober 1985)

Die Here Jesus móés hemel toe
en
IS HEMEL TOE
en
KOM WEER

* * * * *

"Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle HOM na die hemel toe sien opgaan het"

(Handelinge 1:11)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Jesus móét hemel toe gaan!

Wat sou jy gemaak het, geliefde leser, as Jesus sélf nou nog op aarde gewees het?

- Sou jy dan elke Sondag twee maal in die kerk gewees het?
- Sou jy dan die T.V. afgesit het as Hy kom huisbesoek doen?
- Sou jy dan 'n stewige finansiële bydrae vir die kerk gegee het?
- Sou jy dan getroos gewees het as Hy jou kom vertroos by jou siekbed of sterfbed?

Hierop sal ons uiteraard almal reageer:

Natúúrlik . . . intedeel dit sou wonderlik gewees het as Jesus self kon preek . . . huisbesoek doen . . . my in die hospitaal besoek het!

Maar nee — dit is ongelukkig nie só nie . . . Jesus is hemel toe!

In Johannes 14 sê Hy: "Ek (móét) gaan . . ." En daarom gebruik Jesus mense — sondige mense — om die Evangelie te verkondig.

Ja . . . Jesus móés hemel toe gaan . . .

- dit kon nie anders nie:
- Hier op aarde was Hy verag en deur mense verlaat (Jesaja 53)
- Hier op aarde was Hy 'n swerwer wat geen plek gehad het om sy hoof neer te lê nie (Matt. 8).
- Hier was Hy verstoot soos 'n vreemdeling (Jes. 53).
- Hier was Hy gemartel, het Hy geweene, was Hy bedroef, het sy bloed gevloei!

Ja, Hy het sy taak volvoer — dis afgehandel . . . Hy **MÓÉT** gaan!

Iemand anders sal die werk voortsit:

Sondige mense . . . jy en ek . . . *maar Goddank: Hy stuur sy Heilige Gees om óhs by te staan. Daarom kan ons ook ons taak pak met ywer en entoesiasme.*

- kan óns sy verlossingsevangelie dra
- kan óns in sy kerk deel
- kan óns mense besoek in nood
- kan óns vrugte dra van bekering . . .

Alleen omdat óns die Heilige Gees besit!

Dit is dus genade dat Christus hemel toe is . . . want . . . Hy móés gaan met 'n volgende taak om af te handel:

Om vir jou en vir my plek voor te berei in die Vaderhuis! (Joh. 14:2).

Daarom . . .

- Jesus is in die hemel . . . waar ook ek *wil* wees
- Jesus is in die hemel . . . waar ook ek *moet* wees
- Jesus is in die hemel . . . waar ook ek *sal* wees.

Glo dit, my vriend en vriendin!

Ds. Nico Ligthelm.

PLEK IN DIE HEMEL

*"Ek gaan om vir julle
plek gereed te maak."
(Joh. 14:2)*

- Nadat Christus aan die Kruis vir ons sondes gesterf het
 - Nadat Hy opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel
- het Hy nie opgehou om ons Middelaar te wees nie.

In die hemel is Hy vandag nog steeds werksaam. Hy maak vir ons plek gereed in ons Vaderwoning.

ONS BY HOM

Die uiteindelijke punt waarheen die Here met ons op pad is, is dat ons by Hom sal wees.

Hierdie wêreld waarin ons nou lewe is nie ons eintlike woonplek nie. Hier is ons vreemdelinge. Hier vertoef ons net vir 'n ruk lank — soos wat Israel in die woestyn vertoef het.

Maar die Here het vir ons 'n heerlike eindbestemming beskik, by Hom in die hemel.

Christus het vooruit gegaan om vir sy uitverkore kinders plek in die hemel te berei.

LEWE VORENTOE

Die gelowige lewe vorentoe, na 'n welomlynde eindpunt. Die kind van die Here weet: Hy is nie met 'n nodelose geskarrel in hierdie lewe besig nie. Hierdie woestynreis waarmee ons besig is, mond vir ons uit in die ewige Kanaän.

Ons weet die Kanaän is daar — ons is nog net nie daar nie. Met die oog van die geloof sien ons die onsienlike — weet ons ons gaan eendag by die Here inwoon.

VERHUIS

Wanneer die gelowige sy laaste asem uitblaas, dan verhuis hy na sy Vader.

Aan die Filippense skryf Paulus, Fil 1:21,23:

"Om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins."

"Ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste."

In Pred 12:7 lees ons dat by jou dood keer die stof terug na die aarde soos dit was, en jou gees keer terug na God wat dit gegee het.

VERWERF

Die rede waarom Christus vir ons plek kan gereed maak, is omdat Hy deur sy versoeningswerk aan die kruis vir ons daardie plek in die hemel verwerf het.

God is heilig. Om voor Hom te kan verskyn, om in sy teenwoordigheid te kan kom, moet jy ook heilig wees, d.w.s. sonder sonde wees. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het Hy al sy kinders se sonde met sy bloed afgewas.

Hy maak hulle waardig sodat hulle nou ook voor Hom kan en mag verskyn en verseker ook sal verskyn!

Die troos wat die ware gelowige het, is dat hy in lewe en in sterwe aan die Here behoort.

Nie eers die dood kan keer dat jy by jou eintlike eindbestemming kan aankom nie.

Niks kan ons van die liefde van God skei wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het nie.

Ps. 23:2 (berymd) het dit pragtig soos volg verwoord:

"En is ek soos 'n skaap in doodsgevre,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan —
dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking."

Ds. A. H. Grove.

En kyk, Ek is met julle

Die Here Jesus het opgestaan!

Die Here Jesus het opgevaar na die hemel!

Dit lees ons in die Bybel.

'n Wolk het Hom voor die oë van Sy dissipels weggeneem.

'n Vraag kom nou na vore:

Het Jesus ons nie alleen agter gelaat in hierdie sondige en wrede wêreld nie?

Nee! **BESLIS NIE.**

Seker van die laaste woorde wat Jesus met sy dissipels gepraat het kort voor sy hemelvaart is juis hierdie belofte:

"En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleindig van die wêreld." (Matt 28:20).

JESUS IS MET ONS

Na Sy menslike natuur het hy ons verlaat maar na Sy Goddelike natuur is Hy nog met ons!

Sy Goddelike belofte bly van krag.

"Ek is met julle...."

Aan die kruis op Golgota was die Here Jesus van God en mens verlate, sodat ons nooit meer sonder Hom sou wees nie.

- Dit voel partykeer vir ons of ons stoksielalleen is in hierdie wêreld vol sonde en vol ongeregtigheid — Nee, onthou Jesus is met ons.
- Is u nie ook partykeer bitter eensaam en alleen nie? Onthou Jesus is met ons —
- Staan u partykeer magteloos teen siekte, teen sonde, teen die probleme van die dag, selfs magteloos teen die dood.

Onthou

— Jesus is met ons —

Deur sy Gees en Sy Woord is Jesus hier by ons — in ons harte, in ons huise, by die *werk*, op die sportterrein ja, oral.

Ons is sy duurgekoopte eiendom. Hy sal ons nooit verlaat nie. Hy waak oor ons met 'n ywer vol liefde. Hy sal nie toelaat dat ons in eensaamheid of alleenheid versink nie.

U metgesel in alles wat mooi en goed is, is Jesus die Christus - u Verlosser, u Heiland, u Middelaar!

U is 'n lewende tempel waarin Jesus Christus woon. Jesus is met u, vandag, môre, — ja elke dag van ons lewens - Jesus is met u en my!

Ds. Leo van Schaik.

"Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan..."

(Joh. 16:7) In sy laaste onderrig aan sy dissipels net voor sy gevangeneeming en kruisiging, sê Jesus aan hulle dat Hy weggaan:

"Nou gaan Ek na Hom toe wat My gestuur het . . . Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie."

(Joh. 16:5, 16)

Die aankondiging van sy hemelvaart en die gedagte aan skeiding was vir hulle ontroerend en verbysterend. En daarom vertrouos Jesus hulle met die woorde in vs. 7 van dieselfde hoofstuk:

"Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan."

Hy wil aan hulle leer dat sy aanstaande hemelvaart vir hulle geen verlies sou beteken nie, maar 'n wins. Aan die weggaan van Jesus Christus van die aarde af, is ontsaglike voordele verbonde.

Sy hemelvaart beteken geen permanente skeiding nie,

- dit is geen finale afskeid waarin Jesus sy rug op sy volgelinge draai nie,
- maar dit is 'n liefdesdaad teenoor sy gelowiges;
- daar in die hemel waarheen Hy opgevaar het sit Hy sy middelaarswerk ten behoewe van sy kinders voort.

Van al die voordele wat die hemelvaart van Christus vir sy gelowiges op aarde inhou, wil ons veral drie beklemtoon:

- In die *eerste* plek het Hy na die hemel gegaan om vandaar sy Heilige Gees na ons te stuur om by ons te bly tot in ewigheid.

Die *liggaamlike* teenwoordigheid van Jesus hier op aarde het ná sy hemelvaart op die Pinksterdag uitgegroeï tot 'n *alomteenwoordigheid* deur Sy Gees. Deur sy Gees is Christus elke oomblik en vir ewig by Sy Kerk en in elke gelowige seënend teenwoordig.

En elkeen wat die heerlike werking van die Heilige Gees in sy lewe ken, sal begryp waarom die Here gesê het dat dit voordelig is dat Hy weggaan. Die gawe van die Heilige Gees is 'n onpeilbare voordeel wat aan die hemelvaart van Christus verbonde is.

- In die *tweede* plek het Hy na die hemel gegaan om daar vir ons as voorspraak by die Vader in te tree. Hy is ons Voorbidder en Pleitbesorger aan die regterhand van God.

Op grond van sy soenverdienste aan die kruis op Golgota, pleit Hy vir al sy kinders, — en in die praktyk van ons daaglikse lewe, word die nut en die betekenis van Christus se hemelvaart vir ons duidelik:

- Elke gebed in die Naam van Christus besit die gewisse pleitgrond van sy voltooide werk, en die sekerheid dat die Vader dit sal verhoor!
- In ons sondestryd, in ons geloofskwellinge, in ons aanvegtinge en ons smart en lyding, in alle lewensomstandighede is die Here Jesus ons met sy hemelse voorbidding vertroostend naby!
- In die *derde* plek het Hy na die hemel gegaan om daar in die Vaderhuis met sy baie woonplek ook vir ons plek gereed te maak, sodat Hy ons uiteindelik by Hom kan neem.

In die huis van Sy Vader bring Jesus alles in orde om Sy kinders eenmaal daar in die volle heerlijkheid te ontvang, want Hy het vir elke gelowige die reg verwerf om as kinders van God in die ewigheid daar te gaan woon.

En nou het ons die heerlike vooruitsig om aan die einde van ons aardse lewe in die hemelse saligheid vir ewig by ons hemelse Vader en in die teenwoordigheid van Jesus Christus, ons Here, te verkeer.

Dit is die oneindige voordele verbonde aan sy hemelvaart.

En nou moet ons 'n lewe voer:

- gelei deur die Heilige Gees,
- vertrouend op die voorspraak van Christus in die hemel,
- en gerig op die vertrek na die Vaderhuis.

Elke oomblik gereed vir my eie hemelvaart!

Ds. Pieter van der Walt.

Soos Hy gegaan het, kom Hy weer

(Hand. 1:11)

Is jy bang vir die wederkomsdag?

Oordeelsdag!

Verdoemenis.

Ewige lewe of ewige dood.

Ek en jy.

Daar word so baie gesê dat die einde van die tyd is op hande. Jy sien dit aan die tekens van ons dag. Doempredikers maak van die geweldige spanning misbruik om "hulle self-uitgedinkte pad om die saligheid te kry," te verkondig.

Hulle maak ons bang en dan sê hulle dat hulle het die alleen antwoord. Maar dis tog die Here Jesus wat weer kom.

Laat ons dan hoor wat Hy van Homself sê: " elkeen wat lewe en in my glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" (Joh. 11:26).

Dit gaan dus om die

HERE JESUS

en

ONS GELOOF IN HOM.

Dis so heerlik om die vertroostende woord te hoor in hierdie spanningsvolle tyd.

Kom ons lees nog wat Hy sê: "My skape luister na My stem, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie." (Joh. 10:27,28)

Geliefde Leser, glo jy ook dit?

As jy dit van harte glo, dan nooi ek jou om saam met my te gaan kyk wat op die Olyfberg gebeur het vanwaar die hemelvaart plaasgevind het:

"Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is indie hemel opgeneem." (Luk. 24:50,51)

En dan sê die twee manne in wit klere vir die dissipels wat nog stip na die hemel kyk:

"Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal netso terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het." (Hand. 1 :11)

En Hy is opgeneem terwyl Hy hulle seën.

Daardie hande wat Hy oor hulle uitgestrek gehou het terwyl Hy opgeneem is, het die merke van die spykers aan die kruis gedra.

Hy het betaal vir al ons sondes.

Ons moet dit glo.

Ons moet dit weet.

So kom Hy weer sigbaar terug:

Seënend.

Hy gaan nie skel en lawaai omdat ons nie 'n volmaakte geloof of volmaakte mens is nie.

Hy kom seënend terug vir almal wat in Hom glo soos Hy seënend weg is van hulle wat in

Hom geglo het.

Die Woord van God leer ons dit. Dan glo ons God bo die bangmakers. Bely u sonde, maar ook

U GELOOF IN CHRISTUS

Die merke in Sy hande sê dat die oordeel wat ons moes tref, het Hom klaar op Golgota getref. Daar was Hy van God verlaat sodat *ons* nooit deur God verlaat sal word nie.

Sy wederkoms is net seën wie in Hom glo!

Geen vrees is nodig nie!

Ds. Andries Mulder.

Brood van die Lewe

Onderrig
in die weg
van die Here.

'n Boekie om jou Skrifkennis te verruim.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasielektuur van die
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008,
NOORDBRUG 2522.

[Beskikbaar op hierdie webblad by:
www.GKSA.ORG.ZA/cjbf/brood.pdf]